Nuusbrief vir 19 September 2019

Hoërskool Swartland

NUUS

Algemeen

19 September 2019

Die skool heropen op Dinsdag 1 Oktober om 07:30 met Dag 1 se rooster. Leerders moet in somerskooldrag geklee wees.
Elke leerder het 'n kwartaalprogram in sy/haar rapportkoevert gekry - vergewis uself asseblief van die skool se aktiwiteite wat sommer dadelik afskop. Ons oueraand is reeds op 1 Oktober om 17:30 in die skoolsaal.

Uit die skoolhoof se kantoor

19 September 2019

Begroting 2020: Ons vestig u aandag daarop dat die begrotingsvergadering met ons ouers op 7 Oktober om 19:00 in die FS-sportsentrum sal plaasvind. Tydens dié vergadering sal die voorgestelde begroting vir 2020 goedgekeur word, asook die skoolfondsbedrag en koshuislosies vir 2020 vir goedkeuring voorgelê word. Hierdie besluit sal dan op alle ouers bindend wees. Alle ouers is welkom om hierdie vergadering by te woon.

Handboeke 2020

19 September 2019

Elke leerder het 'n handboeklys vir 2020, sowel as 'n instruksieblad ontvang. Die instruksieblad sit duidelik uiteen hoe u die handboekkwessie moet hanteer.
U moet net asseblief daarop let dat die graad 9, 10 en 11 Wiskunde (nie Wiskunde Geletterdheid nie! - net Wiskunde), sowel as die graad 11 Lewensoriënteringboeke verander vir 2020. Die kooplyste wat u kind ontvang het, dui die korrekte boeke aan. U kan net nie hierdie bogenoemde handboeke tweedehands van 'n ander jaargroep oorkoop nie. Kyk in alle gevalle altyd na die ISBN-nommer van 'n boek sodat u doodseker kan wees dat dit die regte boek is.

LS Swartland klasassistente poste beskikbaar

19 September 2019

Daar is 5 klasassistente poste (Grondslag en Intermediêre fase) by LS Swartland beskikbaar. Die ideale kandidate is matriekleerders (2019) wat die vermoë en gesindheid het om goeie laerskoolonderwysers te word, maar nie tans die finansies of geleentheid het nie. Die suksesvolle aansoekers sal R3000 per maand verdien en daar is verblyf in die koshuis beskikbaar. Dit is 'n vereiste dat so 'n kandidaat bewys van registrasie vir afstandsonderrig byvoorbeeld UNISA, sal kan indien. (Of binne 6 maande) Hulp met buitemuurse aktiwiteite is 'n aanbeveling. Aansoekers moet 'n CV verskaf, met vakke, sport en/of ander buitemuurse aktiwiteite daarop aangedui.
Die sluitingsdatum is 4 Oktober 2019 om 14:00 en aansoeke kan gerig word aan: dirkjmalan@gmail.com

Ses-aan-'n-kant somerhokkieliga

19 September 2019

HSS bied tydens die 4de kwartaal, van 7 Oktober tot 25 Oktober, 'n ses-aan-'n-kant somerhokkieliga aan. Dit sal Maandae en Woensdae vanaf 19:00 by die Astro-hokkiebaan plaasvind, met die finale afsluiting op Vrydag 25 Oktober. Die kostes vir die liga is R200 per speler. Spanne sal bestaan uit ten minste 5 veldspelers en 'n doelwagter. Nie meer as 8 spelers per span word toegelaat nie. Elke span moet bestaan uit ten minste twee O.15-spelers en daar moet seuns en dogters in elke span wees. Elke span verdien 4 punte vir 'n wen, 2 punte vir gelykop en 1 bonuspunt vir wen met meer as 5, of verloor met net 1 doel.
Vir die skakel / 'link' om 'n span (of as individu) in te skryf, of vir die reëls wat sal geld, of enige ander navrae, kan die sportkantoor of mnr Lourens gekontak word.

Rugby presteerders

19 September 2019

Lyle Booyse, Louis de Jager en Dillon Oppelt is in die Boland (O/17) 7's rugbyspan ingesluit wat in die komende vakansie aan die Provinsiale toernooi in Welkom gaan deelneem. HS Swartland het die meeste verteenwoordigers in hierdie span wat uit 12 spelers bestaan. Baie geluk ouens!

HSS presteer by Eisteddfod

19 September 2019

Ons skool het weer eens die trofee vir die meeste pryswenners in die Hoërskole afdeling by die Wes-Boland Eisteddfod behaal.
Baie dankie en baie geluk aan al ons leerders wat bygedra het tot hierdie toekenning!

Ballet prestasies

19 September 2019

Die volgende leerders het by die Wes-Boland Eisteddfod presteer:
Anri Cronje, 13-14jr solo - silwer en 13-14jr trio - goud
Linda van Wyk, 13-14jr trio - goud, 13-14jr solo - goud, 17-19jr groep - cum laude
Marlena Walters, 13-14jr trio - goud, 13-14jr solo - cum laude, 15-16jr trio - goud, 17-19jr groep - cum laude
Lize Rheeder, 15-16jr solo - goud, 15-16jr trio - goud, 17-19jr groep - cum laude
Gabriëlla Petersen, 17-19jr solo - goud, 17-19jr solo - cum laude, 17-19jr groep - cum laude.
Hierdie dogters is verbonde aan die Adele's School of ballet. Baie geluk met jul puik prestasies!

Eisteddfod Gala wenners

19 September 2019

Die Gala wenners van die Paarlvallei Eisteddfod is die leerders wat die algehele beste prestasie in 'n afdeling behaal het. Hulle is as volg:
Lucia van der Spuy: Graad 8 onvoorbereide lees in Afrikaans en Engels; Engelse kreatiewe skryfwerk, Prosa - Huistaal, Senior fase;
Christel en Mia Marais: Engelse dialoog graad 8-12;
Jeziél Burrows: Afrikaanse voordrag graad 11;
Kristan Kraak: Engelse kreatiewe skryfwerk, Prosa - Huistaal, FET fase;
Liza Eksteen: Engelse kreatiewe skryfwerk, Prosa - Addisionele taal, FET fase; Afrikaanse kreatiewe skrywer, Prosa - Huistaal, VOO fase (deel met Imke);
Imke Erasmus: Afrikaanse kreatiewe skrywer, Prosa - Huistaal, VOO fase (deel met Liza);
Gladys Matewa: Engelse kreatiewe skryfwerk, Poetry - Huistaal, FET fase;
Baie geluk aan hierdie leerders!

Matriek hersieningsessies

19 September 2019

Die Pearson Instituut Durbanville kampus nooi alle 2019 matrieks om op 28 September 2019 'n hersieningsessie by te woon om só sukses in die eksamen te behaal. Sessies sal in Afrikaans en Engels aangebied word. Besprekings is egter noodsaaklik.
Sessie 1 - 08:30-10:30 Rekeningkunde
Sessie 2 - 10:45-12:45 Wiskunde
Sessie 3 - 13:00-15:00 Fisiese Wetenskappe
Venue: Pearson Instituut Durbanville kampus, Rogersstraat 9, Tygervallei
Koste: R100 per sessie (X-kit Achieve! Eksamen Oefenboekie vir relevante vak is ingesluit)
RSVP by 021-9148000 of stuur 'n e-pos aan chantal.vanderberg@pearson.com voor 26 September 2019.
Besoek www.pearsoninstitute.ac.za vir meer inligting oor die instituut vir hoër onderwys inligting.

Nasorg fasiliteit koshuise

19 September 2019

Ons kry van tyd tot tyd navrae oor 'n nasorgfasiliteit vir ons leerders. Ons het tans so 'n fasiliteit by Huis van Zyl vir dogters en Huis van Imhoff vir seuns. Hierdie nasorgdiens is slegs vir ingeskrewe leerders van Hoërskool Swartland. Dit beloop R35 per middag - middagete, nasorg en studeerfasiliteite ingesluit. Indien 'n leerder nie die middagete wil nuttig nie, beloop dit R15 per middag. Vir enige navrae kan mev De Klerk gedurende skoolure by die skool gekontak word by 022-4821469 of e-pos: ddeklerk@swartlandhs.co.za

Advertensie - Gimnastiek

19 September 2019

"Uber Gruvi Gymnastics" is 'n artistiese Gimnastiekklub vir dogters, geleë in Piet Retiefstraat 9C, Riebeek-Kasteel. Hierdie gimnaste kan vorder op distriks-, streeks- en nasionale vlak. Daar is ook 'n fiksheidsentrum beskikbaar. Hierdie gimnastiekklub is by die SA Gimnastiek Federasie geregistreer. Vir meer inligting oor wat alles aangebied word, fooie betrokke, ens kan u vir Jo skakel by 081 858 3739.

Skoolfonds, koshuislosies en busgeld: 2019

19 September 2019

Die volgende tariewe is vir 2019 goedgekeur:
Skoolfonds: R16 300 per jaar per leerder.
Koshuislosies: R27 700 per jaar per leerder. Geen subsidie of afslag is op koshuislosies van toepassing nie.
Busvervoergeld bly tans onveranderd op R8000 per jaar per leerder vir die vol roete. Enige verandering sal aan die betrokke ouers deurgegee word.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

19 September 2019

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

KALENDER vir 19 September 2019 - 26 September 2019

19th September 2019
Matriekafskeid

19th September 2019
Personeelvergadering
10:30

20th September 2019
Kriekettoer na Mosselbaai

20th September 2019
Skole sluit 10:30
Rapporte aan ouers

20th September 2019
Reünie van 1974 matrieks
FSS
Aand: Snoekbraai by die FSS

21st September 2019
Reünie van 1974 matrieks
FSS
Sa. ogg 11:00 - Ontbyt in FSS
Aand: Spitbraai in FSS

24th September 2019

Erfenisdag

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

September 13 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5d7a07c9ef70a462415284.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.